

## Gereformeerde Kerk Bellville – 20 September 2015 – aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 11-3:1, 4 (16:1, 4)

- 1 Salig die wat arm van gees is / en van God hul wysheid leer,  
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel, sê die Heer.
- 4 Salig die wat, dors en honger, / smag na die geregtigheid,  
want vir hul is daar versading, / laafnis ná die dag van stryd.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 33:1, 2 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;  
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.  
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;  
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Gebed

Skrifberyming 11-1:1, 5, 11 (22:1, 5, 11)

- 1 Troos, troos my volk, sê God die HERE; / dreig nou nie meer met oordeelstem,  
genees die wond, o sienerherder, / die hartseer van Jerusalem.
- 5 Want kyk, Gods heerlikheid verskyn weer, / en alle vlees sal dit aanskou.  
Die HEER self het die Woord verkondig, / en as Hy spreek, wie sal 't weerhou?
- 11 Hy lei sy kudde soos 'n herder, / die lammers sluimer in sy arm,  
die lammerooie dryf Hy saggies – / oor almal sal Hy Hom erbarm!

**Skriflesing:** Romeine 7:7-25; 10:5-17; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 16

**Kernvers:** Romeine 10:14-15, 17; Romeine 7:19, 24

**Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig! ... Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.**

(Romeine 10:14-15, 17 AFR53)

**Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.**

**Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?**

(Romeine 7:19, 24 AFR53)

## Dordtse Leerreëls

### Hoofstuk 1, Artikel 16

*Hulle wat die lewende geloof in Christus, die vaste vertrouwe, die gewetensrus, die beoefening van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus nog nie kragtig ervaar nie – ofskoon hulle die middele gebruik waardeur God belooft het om hierdie dinge in ons te bewerk – moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie. Hulle moet hulle ook nie onder die verworpenes reken nie maar ywerig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag. Hulle wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, om Hom alleen te behaag en van die liggaam van die dood verlos te word maar op die pad van die godsvrug en die geloof nog nie so ver gevorder het as wat hulle wel wou nie, behoort die leer van die verwerping nog baie minder te vrees. Die barmhartige God het immers belooft dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie. Maar hierdie leer is tereg verskriklik vir almal wat God en die Verlosser, Jesus Christus, vergeet en hulle geheel en al aan wêreldse sorg en sondige begeertes oorgegee het. Dit sal so bly solank hulle hulle nie met erns tot God bekeer nie.*

**Tema:** Die Here se troos en vermaning aan die gemeente oor die uitverkiesing

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons kom vanaand by een van die troosrykste dele in ons Dordtse Leerreëls. Dit is nie die enigste artikel waarin ons die troos van die Here aan die gelowiges bely nie, maar dit is dié artikel waarin ons die vaderlike besorgdheid van ons goeie God bely.

Indien 'n mens net een artikel op 'n slag lees, soos wat ons dit in die reeks preke doen, kan 'n mens maklik die draad verloor. Jy sien nie dadelik die verband tussen hierdie artikel en die vorige artikels raak nie. Daarom moet ons net eers 'n tree terug gee van artikel 16 af sodat ons weer kan sien hoe die prentjie in sy geheel lyk.

In artikel 7 tot 11 bely ons dat God in die ewigheid besluit het om 'n sekere aantal mense uit die hele menslike geslag tot die ewige lewe uit te verkies. Hierdie mense wat God uitverkies het, is nie beter as ander of beskik oor iets wat die ander mense nie het nie. Alle mense is ewe verlore en ewe boos. Verder bely ons dat hierdie besluit van God onveranderlik is en Hy die besluit geneem het en dit uitvoer om Homself te verheerlik.

In artikel 12 bely ons hoe God die uitverkorenes met die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing verseker van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid. Hierdie vrugte van die uitverkiesing is **ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid**. Die sekerheid oor die uitverkiesing het tot gevolg dat die uitverkorenes hulle voor die Here verneder, Hom aanbid oor sy grote barmhartigheid, hulleself reinig en God vurig liefhet. So bely ons dit in artikel 13.

Omdat God self die leer van die uitverkiesing in die Skrif aan ons openbaar – so bely ons in artikel 14 – is dit noodsaaklik dat dit ook aan die gemeente van God verkondig word. Maar dit is nie net die uitverkiesing wat aan ons geopenbaar word nie. Die Here leer ons in die Skrif **dat sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. Om sy geregtigheid te openbaar, het God besluit om hierdie mense aan hulleself oor te laat, hulle onder sy regverdige oordeel te laat bly en om hulle nie alleen oor hulle ongeloof nie, maar ook oor al hulle sondes te veroordeel en ewig te straf** (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1:15).

Wanneer 'n mens van die verwerping hoor, kan gelowiges ook ongemaklik raak daaroor, want alle uitverkorenes is nie op dieselfde tydstip in dieselfde mate seker oor hulle uitverkiesing nie. Diegene wat minder seker is, kan begin wonder of die Here hulle nie ook verbygegaan het in die uitverkiesing nie. Sulke gedagtes kan tot groot onrus lei, aangesien die Here se besluit om die mense wat Hy nie uitverkies het nie aan hulleself oor te laat en uiteindelik te veroordeel en ewig te straf ook 'n onveranderlike besluit is. Die getal van die uitverkorenes kan mos nie minder of meer word nie.

Om hierdie rede het die Heilige Gees die opstellers van ons Dordtse Leerreëls gelei om regtig soos herders leiding te gee aan die gelowiges wat in vertwyfeling raak oor hulle geloofsgroei en uitverkiesing. In artikel 16 bely ons drie verskillende reaksies op die leer van die verwerping:

- Die reaksie van hulle wat nog nie die vrugte van die uitverkiesing in hulleself duidelik waarneem nie;
- die reaksie van hulle wat nog nie so ver gevorder het in godsvrug en geloof soos wat hulle begeer nie; en
- die reaksie van hulle wat hulle nie aan God steur nie en in hulle sondes voortlewe.

Ons verwoord die eerste reaksie soos volg in ons belydenis: ***Hulle wat die lewende geloof in Christus, die vaste vertrouwe, die gewetensrus, die beoefening van kindlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus nog nie kragtig ervaar nie – ofskoon hulle die middele gebruik waardeur God belooft het om hierdie dinge in ons te bewerk – moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie.***

Hierdie gelowiges wil die Here dien en hulle dien Hom ook, maar wanneer dit by hulle uitverkiesing kom, is hulle onseker. Wanneer hulle na hulleself kyk, sien hulle nie altyd die tekens van 'n lewende geloof nie. Hulle strewende daarna om God meer en meer te verheerlik, maar dink terselfdertyd dat hulle die Here nie genoeg eer nie. By hulle kom daar vertwyfeling en hulle vra: Is ek regtig uitverkies? Of is ek een van die wat verwerp is. Hulle lewens is onseker en onrustig terwyl hulle na bewyse soek dat hulle uitverkies is.

In hierdie artikel reik ons met die Woord van die Here uit na daardie gelowiges wat worstel met hierdie soort onsekerhede oor hulle uitverkiesing. Die gelowiges wat die middele van die genade gebruik en nog nie tot hulle eie bevrediging die vrugte van die uitverkiesing in hulle eie lewe waarneem nie, moenie handdoek ingooi en hulleself onder die verworpenes tel nie. Hulle moet ***ywerig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag.***

Die Heilige Gees is self soewereine God en in sy alwysheid het Hy besluit om sekere middele te gebruik waarmee Hy die geloof in mense opwek en die geloof in hulle versterk. Geloof kom deur die hoor van die evangelie, sê Paulus (Rom 10:14-17; vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 25:65). Dit is met die evangelie en die verkondiging daarvan dat die Heilige Gees die geloof in mense se harte opwek.

Maar Hy hou dan nie op om die Woord in gelowiges te gebruik nie. In sy eerste brief spoor Petrus die gelowiges aan om te smag na die Woord soos wat 'n pasgebore babatjie smag na melk (1 Pet 2:2). Daarom bely ons in die vyfde hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls: ***Dit het God behaag om sy genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die sakramente*** (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5:14).

Broer, suster en kind, as jy dan agterkom dat jou geloof, vertrouwe en gehoorsaamheid nog nie so kragtig is as wat jy gedink het dit moes wees nie, moenie moedeloos word en ophou glo nie. Hou aan om die genademiddele te gebruik – die Bybel en die sakramente – want God het belowe om deur middel van die Woord en sakramente sy kinders se geloof te versterk. Gelowiges wat volhard om die Bybel te lees en te gehoorsaam, sal mettertyd groei in hulle geloof opmerk.

Ons moet ook onthou dat geloof soos 'n plant tyd nodig het om te groei en vrugte voort te bring. Niemand dra sommer dadelik vrugte as hy pas tot geloof gekom het nie. Net soos wat verskillende plante langer of korter tye nodig het om vrugte te dra, so gebeur dit ook dat verskillende gelowiges langer en korter tye nodig het om volwasse te word in die Here. Groei in die geloof is 'n proses. Omdat geloof soos plante sorg en voeding nodig het, moet gelowiges besig bly met die middele wat die Here vir die sorg en voeding van hulle geloof gegee het. God sal op sy tyd die vrugte na vore bring in daardie mens se lewe. Die werk waarmee die Here begin het, sal Hy ook tot voltooiing bring, want Hy laat vaar nie die werk van sy hande nie (Fil 1:3-6; Ps 138:8).

Oor die tweede reaksie op die leer van die verwerping bely ons: ***Hulle wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, om Hom alleen te behaag en van die liggaam van die dood verlos te word maar op die pad van die godsvrug en die geloof nog nie so ver gevorder het as wat hulle wou nie, behoort die leer van die verwerping nog baie minder te vrees.***

Ons worstel almal daaglik met sonde – 'n vinnige humeur, 'n tong wat te vinnig praat, 'n begeerte om iets te steel, seksuele sondes, en nog meer. Ons ken almal daardie teleurstelling wanneer ons weer vir die soveelste keer in die sonde geval het. Hierdie sondes wat so aan ons kleef, pla ons so dat ons nie meer van die persoon hou wat ons is nie. Ons sien so baie onreg in onself raak, so min van die oorwinning oor die sonde en dan begin ons wonder: Is ons regtig uitverkies?

Dit is asof Paulus die woorde uit ons mond vat wanneer hy van sy eie worsteling met die daaglikse sondes in Romeine 7 skryf. Dit voel asof 'n mens 'n verlore stryd stry teen die sonde en die frustrasie pak 'n mens so beet dat 'n mens saam met Paulus uitroep:

**Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?** (Romeine 7:24 AFR53)

Paulus, 'n gelowige en uitverkorene van God, iemand wat weggeruk is uit die kloue van die Satan en teruggebring is na die Here toe, beskryf homself as 'n mens wat die goeie wil doen maar dit nie kan doen nie. Ons is nie anders as Paulus nie. Is ons nou weens ons sondes verwerp? Nee! Die mense wat tot God bekeer is, kan nog nie in hierdie lewe die geboorte volmaak gehoorsaam nie, ***want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid*** (Heidelbergse Kategismus, Sondag 44:114).

Ons kan so hard probeer as wat ons wil om die sonde te weerstaan. Ons gaan dit nie regkry nie. Moet dit ons pla en moet ons daarvoor bekommer wees? Ja, verseker moet ons. Moet ons verbaas wees dat ons nog sonde doen? Nee. ***Hulle wat God volgens sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie*** (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5:1). Intussen moet ons aanhou stry. Dat ons in sonde val, moet ons dus nie verbaas nie en dit moet ons nie laat dink dat ons nie aan die Here behoort nie.

Ons nagmaalformulier handel ook oor hierdie daaglikse (en dikwels onsuksesvolle) stryd teen die sonde in die gelowige se lewe. Ons moet onself ondersoek voordat ons nagmaal kan vier. Ons moet onself voor God verootmoedig oor ons sondes. Ons moet onself ondersoek of ons die vaste geloof het dat Christus vir ons sondes gesterf het. En ons moet 'n vaste voorneme hê om opreg voor God te lewe. Dan vervolg die formulier met hierdie woorde: **Wie só gesind is, wil God in genade aanneem en in die seëninge van die nagmaal laat deel. Maar hulle wat hardnekkig en sonder berou God se gebod oortree, eet en drink 'n oordeel oor hulleself.** Dan volg daar 'n lys van sondes en die mense wat hulle met sulke dinge besig hou, het nie deel aan die ryk van Christus nie.

Wanneer ons na daardie lys sondes kyk en eerlik na onself kyk, moet ons erken dat ons ook aan daardie sondes skuldig is. Maar omdat die Heilige Gees in ons die berou oor die sondes en die begeerte om volgens God se geboorte te lewe, werk, weet ons verseker dat God ons in genade aanneem en waardig maak om deel te hê aan die hemelse spys en drank.

Is ons verwerp? Ons weet ons het baie sondes en ons val aanhoudend in die sonde. Maar deur die genade van God het ons berou oor die sonde (alhoewel ons berou ook onvolmaak is). Hoe kan ons seker wees of ons uitverkies of verwerp is? **Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. ... deur in hulleself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys, met geestelike blydskap en heilige vreugde waar te neem. Hierdie onfeilbare vrugte van die uitverkiesing is ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid** (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1:12).

Die sonde bly in hierdie lewe 'n werklikheid in ons lewe, maar God werk in ons die berou oor die sonde. As God 'n werk in ons begin het, sal Hy nie daarmee ophou nie. God is betroubaar. Hy hou aan met sy werk. Daarom bely ons hierdie troos wat die Here self gee vir hulle wat moedeloos word omdat hulle nog nie so ver gevorder het in godsvrug en geloof as wat hulle wou nie: **Die barmhartige God het immers beloof dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie** (Jes 42:3).

Laastens bely ons hoe die mense wat hulle glad nie aan God steur nie behoort te reageer op die leer van die verwerping: **Maar hierdie leer is tereg verskriklik vir almal wat God en die Verlosser, Jesus Christus, vergeet en hulle geheel en al aan wêreldse sorges en sondige begeertes oorgegee het.**

Hierdie leer oor die verwerping is verskriklik – nie net vir die mense buite die kerk nie, maar ook vir hulle wat in die kerk is maar wat huigel. In ons Nederlandse Geloofsbelofdenis, artikel 29, bely ons na aanleiding van die gelykenis van die saaiër (Matt 13:1-9, 18-23) dat daar in die kerk ook huigelaars is. Wanneer die leer oor die verwerping genoem word, kan dit 'n skuldige gewete by hulle bring, en dit is goed, want dit is 'n waarskuwing dat hulle hulleself moet bekeer solank as wat God nog geleentheid daarvoor gee. Berou en bekering is noodsaaklik, want dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val (Heb 10:31). Daarom sluit ons hierdie artikel af met die woord: **Dit sal so bly solank hulle hulle nie met erns tot God bekeer nie.**

Die leer van die verwerping is 'n uitdaging aan alle gelowiges. Elkeen moet toesien dat hy ywerig gebruik maak van die genademiddele wat die Here gegee het, sodat hy in sy geloof in die Here kan groei. Hierdie leer daag die gelowige ook uit om nie moedeloos te word as

hy vir die soveelste keer sonde gedoen het nie. God werk self die berou in gelowiges oor die sonde en hierdie berou is een van die vrugte van die uitverkiesing.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 11-2:1, 2

- 1 O Jakob, hoor nou, luister! / O Israel, gee ag!  
So sê jou Here, Skepper, / jou Maker in sy krag:  
“Jy hoef nie bang te wees nie, / want jy behoort aan My.  
Ek roep jou naam, o vrees nie, / jy’s Myne, jy is vry!”
  
- 2 “Die waters van riviere / sal jou nooit vol oorvloei.  
En gloed en vlam van vure / sal jou nooit fel verskroei.  
Want Ek, Ek is die Here, / Ek bly altyd jou God;  
as Heilige, as Here, / verander Ek jou lot.”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
20 September 2015